DE WAAL VENTER


# MIEG SE KORT EN LANG MIDDAG





Sê nou maar jy kan deur ’n deur stap en ’n nuwe wêreld betree?

Toe Mieg sien dat die interessante vrou van die supermark met haar swaar winkelsakke sukkel. Bied hy impulsief aan om haar te help dra. En hoekom sal hy nie saam met haar tee drink nie? Dis nog lank voor sesuur, en hy het niks ander die aand te doen as geskiedenis-huiswerk en TV-kyk nie…



…Maar toe hy agterkom sy kosbare polshorlosie is ’n paar minute agter, word sy kort kuiertjie by Eva op ’n vreemde manier ’n lange. En in die proses doen hy allerlei ontdekkings; soos dat tyd op ’n manier rond is, soos sirkels wat aan mekaar raak, en dat mens partykeer in ’n ander sirkel kan beland. Hy leer ook dat daar net een manier is om weer terug te kom in jou eie sirkel, en dit is om aan te hou soek en nooit terug te deins nie.

Mieg is self verbaas as hy deur die deur loop en skielik (eerstens) op die strand staan en later weer in die veld…

Hoe is dit moontlik en waar is Eva?




# Verskeie werklikhede

- Die deur dien as die oorgang tussen die primêre en sekondêre werklikhede.
- Hierdie sekondêre wêrelde funksioneer binne die primêre wêreld.
- In die sekondêre wêrelde is Mieg konstant opsoek na Eva, maar later raak hy gewoond aan hierdie manier van ervaar.
- Hy kry selfs die ander mense in die verhale lief en help ook met take.
- Dit kan ook gesien word as die vervulling van begeertes in die onderbewuste van die leser.

# Milieu van die verhaal

Die verhaal se milieu is legendaries, want daar word terug gegaan in tyd; na ’n tyd waar Eva nog ’n kind was…

Mieg leer ken Eva, haar ouma en haar pa, en dan verloor Eva haar ouma…



# Voorspelling van gebeure

Dis moeilik om voorspellings te maak omdat die verhaal na ander onbekende wêrelde verskuif.

Dit neem elke keer ’n rukkie om uit te pluis wie en waar Eva is. En ook hoe Mieg in die hele situasie inpas.

Dis alles nodig om te weet voordat daar ’n grondige voorspelling gemaak kan word.

# Betrokkenheid: Identifikasie en assosiasie

Ek kon op ’n manier identifiseer met die karakter, want almal is op een of ander stadium in hul lewe opsoek na iets meer, om meer te weet, om lief te hê en om lief gehê te word.

Ek weet ook hoe dit voel om iemand na aan jou te verloor soos Eva (en Mieg) haar ouma verloor het.

# Betrokkenheid: Inlewing

Die leser kan hom/haar goed inleef in die verhaal, juis omdat dit so ʼn werklike, sekondêre wêreld voorstel.

Jy leer die karakters van nader ken. In die eerste sekondêre wêreld word jy saam lief vir Eva se ouma en die spanning verhoog in die tweede sekondêre wêreld wanneer die vrou geboorte skenk.

# Emosionele Betrokkenheid

Dis moontlik vir die leser om hom-/haarself emosioneel in te leef in die verhaal.

Bv. Eva se ouma sterf en die leser voel saam hartseer of wanneer Mieg saam met die manne uitgaan om te gaan visvang vroegoggend en Mieg skielik vir sy lewe moet vashou aan ’n tou, wanneer Odiba geboorte skenk, ens.

# Interpretasie en begrip

Mieg sukkel aan die begin van die verhaal om sy ma se dood te verwerk. Die 3 sekondêre wêrelde help hom om haar dood te verwerk:

- Eva se ouma sterf
- Odiba skenk nuwe lewe en Mieg leer om verantwoordelik te wees, bv. Waghou.
- Hy leer om te werk vir dit wat hy graag wil hê (bv. 'n kaartjie na moeder Aarde)

Mieg besef oor en oor:

"Iemand vir wie jy lief is kan nooit heeltemal weg wees nie. Want jy kan aan daardie iemand dink … en dan is sy by jou."

# Evaluering

Die verhaal laat baie aan die leser se verbeelding oor. In sommige gevalle kan jy die see ruik en die angstigheid aanvoel.

Die verhaal is goed geskryf en elke wêreld kan ’n werklikheid opsigself wees. Die pendeltuig raak dalk meer aan die wetenskapfiksie.

Dis goeie ontspanning en kan aanbeveel word vir mense wat van fantasieverhale en verhale met ’n tikkie spanning en romanse in hou.


DE WAAL VENTER
MIEG
SE KORT
EN LANG
MIDDAG